# BENODIGDHEDE

- **PLASTIEKBEKERTJIE:** Gemerk en met oor om op te hang
- **SKOOLKOFFER:** Gemerk en groot genoeg sodat A3 koevert daarin sal pas
- **GESONDE KOSPAKKIE DAAGLIKS & BOTTELTJIE SAP/WATER**
- **PAPIERSAKDOEKIES:** Slegs een kartondosie
- **VLOEIBARE SEEP:** Een houertjie
- **KOEKIE SEEP**
- **TENNISBAL**
- **GROOT BAL**
- **PLEISTERS:** 1x pakkie
- **VOORSKOOT:** Vir kuns met rekkies. GEEN toutjies asb
- **A4 CROXLEY MATERIAALSAKKIE:** Met ritsluiter
- **A4 FLIPFILE LEëR MET 30 SAKKIES**
- **DRY WIPE (Witbordmerker)**
- **INKLEURBOEK**
- **SPRINGTOU**
- **HOOLA-HOOP**




**Alles MOET gemerk wees!**

# Oosies SPEELGROEPIE

Speel • Leer • Leef

## WELKOM

Waar ons kleuters speel, leer en leef. Ons het goed toegeruste klasse en 'n fantastiese speelarea waar optimale fisiese- en sosiale ontwikkeling plaasvind. Opgeleide onderwyseresse bied 'n gebalanseerde dagprogram aan wat maksimale aandag en stimusasie verseker.

| 3 tot 4 jariges | 4 tot 5 jariges |
|---|---|
| Dinsdae en Donderdae<br>OF<br>Elke dag van die week<br>08:00—12:00 | Maandae, Woensdae en Vrydae<br>OF<br>Elke dag van die week<br>08:00—12:00 |

**ONS VOLG WEEKLIKS 'N TEMA EN TEMABRIEFIES WORD WEEKLIKS UITGEGEE**

## Program

- Bybelonderrig • Wiskunde Aktiwiteite • Kreatiewe Aktiwiteite • Temabesprekings • Opvoedkundige Aktiwiteite • Bewegingsprogram • Storie— en liedjietyd • Sangklas • Biblioteek • Vryspel buite en binne

## Beweging

By die skool volg ons 'n uitgewerkte bewegingsontwikkelingsplan. Monkeynastix, Play-ball, Tennislesse, Stoei en Ballet word ook aangebied teen 'n ekstra tarief. So word daar speel-speel aan hul totale ontwikkeling aandag gegee.

## Toelating

Kleuters vir die junior groepie moet 3 jaar oud wees en 4 jaar word gedurende die jaar van toelating. Kleuters vir die senior groepie moet 4 jaar oud wees as die skooljaar begin en 5 jaar word gedurende die jaar van toelating.

## Skoolure

Die skool open 9 Januarie 2019. Toesig sal reeds vanaf 07:15 wees. Die formele dagprogram sal vanaf 08:00 tot 12:00 wees. Ons vra te alle tye ***STIPTELIKHEID***. Hekke sluit 08:00.

## Kleredrag

Alle klere, skoene, truie, sokkies en sandale moet asb **DUIDELIK** gemerk wees. 'n Ekstra stel klere moet in die tas wees, want dit kan 'n groot uitkoms wees in geval van 'n onverwagte ongelukkie.

## Vorderingsverslae

Daar word aan die einde van die eerste, tweede en vierde kwartaal 'n verslag aan die ouers gestuur oor die kleuters se vordering. Ouers is altyd welkom om oor u kleutertjie se vordering, belewenisse en probleme te kom gesels.

## Fooie

Skoolgelde is vooruitbetaalbaar. U kan skriftelik reël of u die gelde kwartaalliks of maandeliks wil betaal. Alle gelde moet voor 1 November inbetaal wees. Gelde moet by die sekretaresse inbetaal word. **GEEN** vrystelling van skoolgelde word by die Spreelgroepie toegeken nie.

**SPEELGROEPIES** **LAERSKOOL WORCESTER-OOS**